

## Die Seun is verhewe bo die engele (III)

Heb 1:10-13

13 Februarie 2022

1. Vantevore: Die Seun is verhewe bo die engele want Hy is die Seun van God, en Hy is die ewige Koning wat heers volgens geregtigheid. Vandag: Die Seun is verhewe bo die engele want Hy is in beheer van die skepping.
2. Twee verdere aanhalings uit OT: Ps 102:26-28 en Ps 110:1
3. Heb 1:10-12: Die Seun is in beheer van die skepping
  - a. Ps 102:26-28 word in Heb:10-12 toegeskryf aan die Seun, dus is Ps 102 Messiaans
  - b. Ps 102:1-12 – Aard van Sy lyding
    - i. Waarskynlik inhoud van Jesus se worsteling in Getsemane, aan kruis
    - ii. Pleit in gebed dat die Here sal luister (v1-2)
    - iii. Aard van Sy nood: fisiese lyding (v4b-6), eensaamheid (v7-8), vernedering deur vyande (v9), verwerping deur God (v10-11), tot die dood toe (v4a, 12)
    - iv. Die Seun het Sy lyding intens beleef – onderstreep Sy mensheid
  - c. Ps 102:13-23 – Hoopvolle vooruitsig in tyd van lyding
    - i. Die Here heers vir altyd (v13)
    - ii. Bestemde tyd vir herstel van Sion het aangebreek (v14-15)
    - iii. Die Seun verlustig Hom in herstel van Sion (v16-17)
    - iv. Die Here is bewus van gebeure en luister na gebede (v18-21)
    - v. Einddoel is lofbetuiging aan die Here (v22-23)
  - d. Ps 102:24-25 – Worsteling oor vroeë dood
  - e. Ps 102:26-28 – Antwoord uit die hemel
    - i. Ps 102 – beskrywing van die Here, Heb 1 – beskrywing van die Seun
    - ii. Seun is Here (Heb 1:10, vgl Mat 22:43-45, Luk 2:11, Joh 13:13, 20:28, Rom 1:4)
    - iii. Seun is Skepper, dus almagtig (v26)
    - iv. Seun sal skepping oprol (v27, vgl 2 Pet 3:10)
    - v. Die Seun is onveranderlik (v27-28)
    - vi. T.p.v. Sy vroeë dood, eindig die Seun se jare nie, Hy is onveranderlik
4. Heb 1:13: Die Seun sit aan die regterhand van die Vader
  - a. Net die Seun is uitgenooi om aan regterhand van die Vader te sit
  - b. Posisie van gesag – “sit” en “regterhand”
  - c. “Totdat”
    - i. Hy is vir ewig Koning
    - ii. Kan ook vertaal word met “terwyl”
  - d. Wie onderwerp die vyande: die Vader of die Seun?
    - i. Ps 110:2 vs Ps 110:5
    - ii. Ps 2:6-9
    - iii. Die Vader onderwerp die vyande deur die Seun
5. Toepassing
  - a. Gelowiges beleef soortgelyke lyding as die Seun
  - b. Soos die Seun, worstel gelowiges ook hiermee
  - c. Soos die Seun, moet gelowiges ook vashou aan die komende heerlikheid
  - d. Gelowiges kan oortuig wees die heerlikheid sal realiseer: Die Seun is in beheer van die skepping, die Vader en die Seun is Een en onveranderlik